

Hoe moet ons met haweloses te werk gaan? Lees gerus die artikel

## **HAWELOSE VERHOUDINGS**

*Wie is die bedelaar op die hoek? Hoe help 'n mens hom of haar? Neels Jackson het daarvoor gesels met ds. Ryno Meyer van die NG gemeente Pierre van Ryneveld.*

Ryno Meyer se paadjie met bedelaars kom 'n hele paar jaar. As teologiestudent het hy hulle jammer gekry. Hy wou help.

Vra jy hom waarom, noem hy vier redes:

- Jesus sê in Matteus 25 as jy kos of water of klere of huisvesting gee aan iemand wat dit nie het nie, is dit so goed of jy dit vir Hom gedoen het;
- Die vroeë kerk het baie aandag gegee aan die weduwees en wese. Hulle het nie 'n stelsel gehad wat vir hulle sorg nie. Bedelaars is die wese en weduwees van ons tyd, het hy gedink;
- Dis 'n saak van sosiale geregtigheid om uit jou oorvloed iets te deel met armes; en
- Dis so 'n opsigtelike probleem. By elke verkeerslig staan daar iemand wat *zula* (straattaal vir “bedel”).

Meyer skud sy kop as hy vertel dat hy in 'n stadium elke week R100 kleingemaak het sodat hy vir bedelaars R5 of R10 in die hand kon stop. Vir hom was dit deel van sy Christelike oortuiging. Hy het gedink hy doen goed. Vandag meen hy wat hy gedoen het, was verskriklik.

In 2010 het hy en 'n groep vriende begin met Intentional Living, 'n projek waardeur hulle in 'n kommune naby die armes wou woon, self 'n eenvoudige leefstyl wou aankweek en uitreik na mense in nood. Hulle het vriendskappe met bedelaars probeer smee. Hulle wou die mense leer ken om te sien hoe hulle hulle kon help. Hulle het kos gevat en saam met die bedelaars gaan eet. Só kon hulle die onmiddellike nood verlig en ruimte skep vir 'n gesprek.

Jy moet stilhou en tyd maak vir 'n gesprek, sê Meyer. 'n Mens kan nie deur 'n motor se venster by 'n verkeerslig 'n gesprek voer nie. Van hul kant af is daar nie dan tyd vir 'n verhouding nie. Jy vra die bedelaar wat is sy naam en hy antwoord bloot: “R1 vir iets om te eet, asseblief.”

In dié tyd het hulle 'n man en vrou raakgeloop wat in die son gestaan en bedel het. Sy was agt maande swanger en het gevra om kos en blyplek vir die aand. Meyer en sy huismaats het die twee genooi om by hulle te kom bly. In die week dat hulle daar was, was daar baie konflik – en diefstal. 'n iPod, twee horlosies, selfone, boeke, en klere het verdwyn. En al hul teelepels. “Hulle het ons gemerk,” vertel Meyer. Uiteindelik het die twee erken hulle is heroïenverslaafdes. Meyer en sy maats het gesê hulle moet uittrek. Hulle het aangebied om te betaal vir rehabilitasie, maar die bedelaars het verdwyn.

By Intentional Living het hulle hulself afgevra of hul hulp die bedelaars enigsins help. Dit het nie so gelyk nie. Toe het hulle na antwoorde begin soek.

'n Boek wat hom baie gehelp het, vertel Meyer, is Brian Fikkert en Steve Corbett se *When Helping Hurts: How to Alleviate Poverty Without Hurting the Poor and Yourself*.

Hulle voer aan alle armoede is ook geestelike armoede. Dit gaan oor 'n armoede aan gemeenskap en die wortels daarvan lê in gebroke verhoudings. Die skrywers onderskei vier soorte verhoudings: met God, jouself, ander mense en die skepping. Gewoonlik is al vier by haweloses versteur. Dis daardie verhoudings wat 'n mens in staat stel om armoede te deurbreek. Maar hoe langer 'n mens daarsonder bly, hoe meer verloor jy die vermoë tot verhoudings totdat jy alle geleenthede tot verhoudings wegwys.

Die skrywers onderskei drie vorme van hulp:

- Noodverligting gee materiële goedere om onmiddellike nood te verlig. Daarin is die aandeel van die gewer 100% en die ontvanger s'n 0%;
- Rehabilitasie help iemand herstel. Die hulpgewer en ontvanger dra elkeen 50% by; en
- By ontwikkeling neem die ontvanger van hulp self verantwoordelikheid. Sy aandeel is 90% en die hulpgewer s'n net 10%.

Om iemand te help met rehabilitasie of ontwikkeling verg verhoudings, sê Meyer, maar as dit by bedelaars kom, doen mense net noodverligting. Op die duur maak dit geen verskil nie. Dit hou daardie mense net waar hulle is.

Meyer se gesprekke met bedelaars het verander. Hy het vrae begin vra soos: Het jy enige familie? Waar kom jy vandaan? Hoe is jou verhouding met jou familie? Wat wil jy graag doen? Watter vaardighede het jy?

Hy wou bedelaars verby noodverligting help tot rehabilitasie en ontwikkeling. Maar by die bedelaars wat hy leer ken het, is daar geen bestaande verhoudings nie. Hulle het nie drome nie.

Keer op keer het hy vir mense werk gekry, gereël dat hy hulle na familie sou vat, vir hulle blyplek gekry, maar die bedelaars het nooit belang gestel nie.

Hy het gevoel hy sit vas by noodverligting. Mense wil help, maar hulle stel nie belang in verhoudings met die bedelaars nie – en die bedelaars stel ook nie belang nie. Mense wat die bedelaars jammer kry, troos hul eie skuldgevoelens deur kleingeld te gee en dis al wat die bedelaars wil hê.

“Dis 'n siek stelsel wat om kleingeld draai,” sê Meyer.

Maar sy verhoudings met die bedelaars het hom gehelp om dieper te delf. In 'n gesprek met 'n groepie bedelaars wou Meyer weet of die teorie oor hulpverlening verkeerd is. Nee, het hulle gesê, maar hulle stel nie belang daarin nie. Hulle gebruik heroïen. Dis ál waarom hul lewens draai. Daarom dat hulle om geld bedel.

Oor ander hulp, soos kos, het die bedelaars gesê hulle gebruik wat hulle kan, verkoop wat hulle kan en gooi die res weg. Self bestee hulle nooit geld aan kos nie. Daarvan kry hulle genoeg. Selfs al is hulle honger, koop hulle liever dwelms as kos.

Almal wat al 'n rukkie op straat bly, gebruik dwelms, het hulle vertel. En mettertyd het elkeen van die verskeie bedelaars wat Meyer leer ken het teenoor hom erken hulle gebruik heroïen.

Dit was 'n ontugtering om te besef die manier waarop mense dink hulle help die bedelaars, help glad nie. Dit hou net 'n bouse stelsel in stand, sê Meyer.

“Ons hou aan met noodverligting. Hulle leef daarvan en voed hul verwoestende gewoontes.”

Het Meyer raad?

As jy regtig wil help, bou 'n verhouding met een persoon, sê Meyer. Bepaal in dié verhouding wat die beste manier is om te help. Vat dit treetjie vir treetjie. As die persoon sê hy is honger, eet saam met hom. Moenie geld gee nie. Nie aan die bedelaar met wie jy 'n verhouding bou nie en ook nie aan ander nie. Die kans is baie goed dat hulle daarmee heroïen gaan koop. Moet ook nie aan hulle kos gee wat hulle weer kan verkoop nie. Hulle smous dit vir dwelmgeld.

Onthou alles wat hulle sê, is gemik op doeltreffende *zula*. Hulle sal enigiets sê om iets van jou te kry. Gee kos net as jy met iemand gesels en seker gemaak het dis 'n doeltreffende manier om te help.

Meyer se ontugtering met bedelaars het hom nie laat afsien daarvan om hulle te probeer help nie. Hy glo hulle kan gehelp word. Maar hy weet ook daar is nie kortpaaie nie.

<https://www.netwerk24.com/Stemme/Hawelose-verhoudings-20130410>